BOSVELDLANDSKAPPE
MATIE EN JOEY SCHEEPERS

Wanneer aan 'n Bosveldlandskap gedink word, dink 'n mens onwillekeurig aan die skilderye van onder andere Pierneef en in die besonder aan die Akasias.

Heelwat van die ander Bosveld bome soos die Olienhout, Salie of wit Olienhout, Wildevy, Huilboerboon en Witstinkhout, om maar net 'n paar te noem, kan ook baie effektief in Bosveldlandskappe gebruik word.

'n Bosveld landskap moet net soos enige ander landskap-toneel beplan word. Die Bonsai reëls bly dieselfde. Die belangrikste verskil is die plantmateriaal wat gebruik word en natuurlik die toneel wat 'n mens die gevoel moet gee dat jy in die Bosveld is. Indien so 'n landskap goed beplan en uitgevoer is, behoort 'n mens met 'n bietjie verbeelding 'n hasie agter 'n graspol te kan sien skuil of 'n Koedoebul onder 'n boom kan sien staan of selfs 'n kabbelende waterstroompie wat jy in die kleine probeer skep het, kan hoor en die voëls in die bome kan sien rondfladder.

Dit gebeur met bykans almal van ons wat lief is vir die veld dat jy 'n toneel teëkom wat 'n besondere indruk op jou maak. Probeer so 'n toneel onthou of maak 'n skets daarvan as jy kunstig is. As u soos ek nie kan teken nie, neem maar 'n foto. Hierdie toneel kan later in 'n Bonsaitoneel omskep word. Moenie al die detail probeer weergee nie, net dit wat jou getref het. Eenvoudige landskappe is oor die algemeen esteties meer bevredigend. Landskappe met te veel detail is geneig om te "besig" te lyk en sodoende verloor dit baie van sy impak.

1. 'n PAAR IDEES OOR TIPIESE BOSVELDLANDSKAPPE:

Wanneer aan die Bosveld gedink word, sien ek eerstens 'n gekontoerde grasvlakte met 'n paar uitstaande silhoeëtte van platkruin doringbome in die verte. Waarskynlik van die spesie Acacia karroo. Aangesien die Acacia karroo nie goeie Bonsaimateriaal is nie, kan die Acacia galpinii (Apiesdoring), die Acacia nigrescens (Knoppiesdoring), die Acacia burkei (Swart Apiesdoring), en die Acacia mellifera (Swarthaak) met effek gebruik word. Om die nodige diepte aan die landskap te gee word die grootste bome voor in die houer geplaas met die kleineres meer na agter. So 'n landskap moet liefs afgewerk word met ligkleurige gruisgrond. Mos kan spaarsaam gebruik word, maar verkieslik geen groot klippe nie. 'n Vlak houer van enige vorm sal geskik wees.



'n Toneel wat baie treffend is en 'n besondere bekoring het, is 'n alleenstaande boom in die middel van 'n grasvlakte. Hiervoor word 'n lang, vlak bak benodig. 'n Enkele boom word aan die een kant van die bak geplaas en die grond word redelik gelyk afgewerk na die ander kant van